SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

*Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting*
*South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use*

# (SG07) 480 SEMI-OUTOMATIESE POSLIGA

**SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE**

**1) Inleiding**

Die tabel bied aan Sportskuts met Semi Outomatiese wapens 'n uitdagende skietoefening wat bestaan uit 'n kombinasie van spoed en presisie skiet. Handterings vaardigheid word ook getoets in die oefeninge waar daar magasyne gewissel moet word. Die Tabel bestaan uit 48 skote wat in 4 oefeninge verdeel word.

**2) Takke kan spanne in die volgende kategorieë inskryf**

- Juniors: jong mans en dames <18 (word 18 in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).
- Dames opeklas (Dames >18 en <65)
- Mans opeklas (mans >18 en <65)
- Senior Mans & Dames (>65)

**3) Aftand**

25m, 50m, 75m, 100m

**4) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele**

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

**5) Vuurwapentipe**

Enige Senterslag/ Randslag Semi-outomatiese geweer

**6) Trompremme op semi-outomatiese gewere**

Baie semi-outomatiese gewere is met vaste trompremme of blitsbrekers uit die fabriek toegerus. Die gebruik van trompremme word dus in hierdie geval as 'n uitsondering hanteer en die volgende voorskrif is van toepassing: Tydens alle skietoefeninge of -kompetisies waar daar van senterslag semi-outomatiese gewere gebruik gemaak word(met of sonder trompremme), word 'n minimum van 1.8m aanbeveel tussen skuts.

**7) Beweging tussen posisies**

Vuurwapens moet ontlaai wees. Alle rondtes of doppe moet uit die kamer wees. Magasyne moet verwyder word en wapen aksies moet oop wees wanneer daarna 'n volgende skiet posisies beweeg word.

**8) Herlaai**

Na die aanvanklike opdrag om te laai, moet alle verdere herlaai aksies plaasvind met ammunisie vanuit die deelnemer se sak, ammunisie-gordel, meganiese herlaaiers, spesiale sak of elders aan die deelnemer as person. Rug-aan-rug magasyne word toegelaat sowel as rondtes in sak ens. of aan die vuurwapen. Dit is deelnemers se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle genoeg ammunisie vir elke oefening of kompetisie het.

**9) Visiere of teleskope -**

Enige visier-stelsel mag gebruik word, oop visier sowel as teleskoop

**10) Geweer bande**

Nie toelaatbaar nie.

**11) Inneem van 'n hoër skietposisie en mediese of fisiese beperking**

Indien 'n skut nie 'n voorgeskrewe posisie **kan** (a.g.v. 'n mediese of fisiese beperking) of **wil** (a.g.v. voorkeur) inneem nie, mag die skut 'n hoër posisie inneem, maar die hoër posisie mag nie beter ondersteuning as die laer posisie geniet nie. Die skietposisies is van laagste (lê) na hoogste (staan) in die volgende volgorde: lê, sit-, kniel- en staanposisie. Die baanoffisier moet so 'n skut, akkommodeer na gelang van omstandighede, sonder om hom of haar 'n onregverdige voordeel te bied en sonder om veiligheid op te offer. Indien 'n skut twyfel in die verband moet hy/sy voor die aflossing begin skiet aan die baanoffisier rapporteer, wat dan 'n beslissing sal maak en die ander skuts in die aflossing sal inlig indien enige ander vergunning toegestaan word.

**Voorbeeld:** Skut **wil** of **kan** nie die lê posisie met ondersteuning slegs voor inneem nie (bv. die Vlakte skiet-oefening op 200m in die lê posisie met beperkte ondersteuning slegs voor – item 18.1.2) en verkies die sitposisie. Die skut kan dan slegs die hoër skietposisie (bv. die sitposisie) inneem met 'n soortgelyke enkele ondersteuning. Sien item 3.3 in verband met die spesifieke gebruik van 'n skietstoeltjie in die sitposisie as alternatief.

## 12) Oefening

**SG07-A** Senterslag Semi-Outomaties; **SG07-B** Randslag Semi-Outomaties

| | | |
|---|---|---|
| Oefening 1 | 25m | 6 rondes, 8 Sekondes, staan alleen [Geen Ondersteuning] |
| Oefening 2 | 50m | 12 rondes, 20 Sekondes<br>6 skote, staan alleen [Geen Ondersteuning]<br>6 skote, staan alleen [Geen Ondersteuning] |
| Oefening 3 | 75m | 12 rondes, 20 Sekondes<br>6 skote, staan alleen [Geen Ondersteuning]<br>6 skote, staan alleen [Geen Ondersteuning] |
| Oefening 4 | 100m | 18 rondtes, 90 Sekondes [Insluitend herlaai]<br>6 skote, staan [Geen Ondersteuning]<br>6 skote, kniel posisie<br>6 skote, sit posisie |

## 13) Gelykop Tellings

Indien daar gelykoptellings is sal die volgende reëls van krag wees:

- **a.** Die hoogste getal "X" in die uitslag;
- **b.** Met die hoogste getal "X" in kompetisie Drie en Vier gekombineerd
- **c.** Met die minste aantal mis geskiet
- **d.** Met die minste aantal skote met laagste waarde in die rondte

Met die laagste aantal skote op die volgende rondte se waardes

## 14) Erkenning

60% Brons 288+, 70% Silwer 336+, 80% Goud 384+
Die maksimum telling wat behaal kan word, is **480**

## 15) Teiken

**S05 A1 Vol Grootte**